

Daar is nie goed voorberei vir hierdie eksamen nie. Baie van die werk is nou in die Graad 10 leerplan.

\* Vraag 1 & 2: Ikone en bestemmings is in die leerplan gegee. Leerders ken nie die verskil tussen kontinente, lande en state, provinsies en stede nie. Dit geld ook vir

Vraag 11. Die redes hoekom plekke ikone of gewilde bestemmings word, is swak verstaan.

Vraag 3: Statistiek is belangrik en leerders moet dit leer lees. Die gasvryheidsbedryf is 'n konsep in toerisme wat geleer moet word. Dit het niks te doen met hoe gaaf die mense is nie. Mense wat by familie kuier sal nie beduidend bydra tot die bedryf nie: d.w.s hotelle en restaurante nie.. Min toeriste besoek 'n land om tot die land se ekonomie by te dra nie- leerders moet nie toeriste met welsynswerkers verwar nie.

Vraag 4: Die artikel is bedoel om voorbeelde te gee van konsepte wat geleer is. Die vrae gaan oor konsepte; dis nie 'n begripstoets nie. Werkgever en werknemer moet onderskei word. Persoonlike eienskappe is nie aksies nie. Herhaling van sinne uit die stuk is 'n probleem. Dit toon dat daar geen begrip is nie.

Vraag 5: Weereens herhaling en geen begrip nie,. Die idees is deel van die leerplan.

.Vraag 6: Terminologie is belangrik in enige veld. PAX is die lugdienste se atkorting vir passasier en word oral in toerisme gebruik om toeris of kliënt te beteken. Direkte en ononderbroke vlugte is selfverduidelikend. Ononderbroke beteken dit word nie onderbreek nie; m.a.w. daar word nie geland nie.. Direk beteken reguit maar daar kan geland word. Terminaal beteken eindpunt. Veral by vervoer. Dit beteken nie 'n gebou gaan sterf nie. T AAL is 'n probleem.

.Vrae 7 & 8: Somme is 'n probleem! Tydsomme moet tydverskil tussen twee plekke insluit. Die verskil moet ook gebruik word. Geld: Die wisselkoers verwys altyd na die geldeenheid en nie na die land waar die geld omgeruil word nie. 'n Dollar bly 'n VS dollar, al word dit in Botswana omgeruil.

Vraag 9: Opstelle en kreatiewe skryfwerk hoort by die tale. Die opdrag was om die belangrike feite uit die stuk te soek .Biodiversiteit beteken diversiteit van lewensvorms, nie ekosisteem nie. Oorgrensparke het niks te doen met die afwesigheid van oorlog nie. Dit het te doen met die feit dat lande saamwerk oor grense en dat dit die vrede kan bevorder. Die diere loop op hulle ou roetes sonder mensgemaakte grense en toerisme kan makliker plaasvind.

Vraag 10: Oorskryfvan die stuk! Die vrae het gegaan oor hoe die plaaslike bevolking betrek word, marinebewaring en visuele besoedeling. Maw.: wat maak die plaaslike mense wat ekologies relevant is, wat gebeur met seediere en die see, en wat is lelik of nie lelik nie omtrent die plek.

Vraag 12: Tot en met 12.7 is dit al in graad 11 geleer en moes dit in die groot reisplan in die portefeulje gebruik word. Leerders moet leer om die vrae in konteks van die vak te lees. Goed wat oral onwettig is, is nie hier relevant nie, bv, dwelms. Op die vliegtuig is dit maklik om te onthou dat goed wat die vliegtuig kan laat opblaas, nie ingeweeg mag word nie. Dus moet die sigareetaanstecker wat met gas gevul is in die kajuit wees. Die gewere moet ingeweeg word. Goed waarmee die kajuitpersoneel aangeval kan word, moet ingeweeg word, dus die breinaalde en sambrele moet in die buik wees. Alkohol is nie verbode nie; dit mag net nie in bottels grater as 100ml wees nie. Spuitkanne (aerosols) is nie verbode in die buik of die kajuit nie: dit moet net goed toe wees en nie meer as 2 kg wees nie! 12.8 -12.10. Die inligting is in die addendum. Daar mag niks self uitgedink word nie. Dis nie taal nie. Die vermoë om met gegewens te werk, word getoets. Instruksies bet 'n rede. Tabelle moet oorgetrek word. Die aktiwiteite moet indie regte blokkies verskyn.

Aigemeen: Dis nie nodig om net aan die een kant van die blad te skryf, maar dit maak die nasien makliker as daar 'n reël of twee tussen vrae oopgelaat word. Antwoorde langs mekaar maak dit moeilik om na te sien.